

PIETER WILLIAMS

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-APRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

PIETER WILLIAMS

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: KOTZÉ, TRENGOVE, ARR et SMALBERGER, Wn AR

Verhoor: 8 Maart 1985

Gelewer: 26 Maart 1985

U I T S P R A A K

KOTZÉ, AR :

Dit is 'n appèl hierdie, met verlof van hierdie

Hof...../2

Hof, teen die skuldigbevinding aan moord en die doodvonnis opgelê aan die appellant in die afdeling Kaap die Goeie Hoop (WILLIAMSON, R en assessore). By die verhoor is dit die appellant ten laste gelê dat hy op 20 Desember 1983 te Protea Park, Atlantis vir Jacobus Sauls (die oorledene) wederregtelik en opsetlik gedood het deur hom met 'n mes te steek.

Die feitebevindinge wat deur die Hof a quo buite redelike twyfel gemaak is, is nie aanvegbaar nie: daar bestaan nie omstandighede van die aard vermeld in Parkes v Parkes, 1921 A D 69 op 75 i f of ander faktore wat 'n afwyking van gemelde bevindinge veroorloof nie. Die tersaaklike feite kan kort gestel word. Die appellant het helder oordag by

die...../3

die huis van Gert Cloete aangekom. By hom het hy 'n groot mes, waarmee hy by 'n nabygeleë plaas die kloue van perde sny, gehad. Die oorledene het later ook by Gert se huis aangedoen. Gert het sy broer (bekend as Hoender), oorledene en die appellant gestuur om wyn te gaan koop. Appellant het die mes in die kombuis neergesit. Daarna het Gert aan die drie van hulle vier bottels wyn gegee wat hulle in die bosse gaan drink het. Hulle het terug gekeer na Gert se huis.

Hoender was hopeloos besope. Die appellant het op die stoep gestaan en 'n bord kos geëet. Twee mans, Shaun en Derick, was ook op die stoep. Alles was vreedsaam. Die appellant het die leë bord kombuis toe geneem. Gert was in die kombuis. Die appellant het terug gekeer na die stoep toe met sy mes in sy hand en het die oorledene, wat hande

in die broeksakke gestaan het, op die hart met die mes gesteeek as gevolg waarvan hy beswyk het. Die steekwond is met soveel geweld toegedien dat die derde rib afgesteek was. Die appellant, ofskoon hy agterna gesit was, het ontsnap deur weg te hardloop en oor 'n draad te klim. Nie lank na hy ontsnap het nie is hy in hegtenis geneem. Dieselfde middag het hy aan landdros Van Houwelingen 'n vrywillige verklaring gemaak.

Die gebruik van 'n gevaarlike wapen en die kragtige toediening van 'n steekwond op die hart dui, myns insiens, buite redelike twyfel daarop dat die appellant die subjektiewe opset gehad het om die oorledene om die lewe te bring, in die sin dat hy voorsien het dat sy daad moontlik daardie

gevolg mag hê en roekeloos daarteen gestaan het. Dit
volg, sy getuienis tot die teendeel ten spyt, dat hy tereg
skuldig bevind is aan moord.

Die wesentlike vraag wat in die appèl ontstaan
is of die Verhoorhof tereg bevind het dat die moord nie
gepaard gegaan het met versagtende omstandighede nie.

Namens die appellant is voor ons betoog dat hy die bewys-
las dat versagtende omstandighede wel teenwoordig was op
oorwig van waarskynlikhede gekwyt het en wel op grond
van die ondervermelde faktore:

(a) Die opsetvorm was dolus eventualis.

(b) Die appellant se dronkenskap.

(c)/6

(c) Provokasie.

(d) Appellant se jeugdigheid.

Wat (a) betref blyk dit uit die voorafgaande paragraaf dat die opsetvorm, na my mening, opset by moontlikheidsbewussyn was. So verstaan ek ook die bevinding van die Hof a quo.

Met betrekking tot (b) het die Verhoorhof bevind dat dit heel waarskynlik is dat die appellant wel wyn ge-
drink het maar dat hy nie dronk was nie. Hierdie bevinding grond die Hof a quo hoofsaaklik daarop dat Gert, Shaun en Derick die mening uitgespreek het dat dit nie die geval was nie. Wat egter vasstaan is dat Hoender, oorledene

en:...../7

en die appellant gesamentlik vier bottels wyn gebruik het.

Die appellant beweer dat hy ses glase wyn gedrink het - die Verhoorhof kon nie bevind dat dit werklik so was nie, maar het wel bevind dat hy "glad nie dronk was nie" o a omdat hy vinnig weggehardloop het, oor 'n draad geklim het en ontsnap het van "klaarblyklike fiks jongmans wat hom agterna gesit het." Drie mans het, soos ek reeds aangedui het, vier bottels wyn in die bosse gaan drink. Van hulle was twee beslis deur die wyn aangetas: Hoender was hopeloos besope en in die oorledene se bloed - so het 'n monstertoets aangedui - was die konsentrasie alkohol 0,24 gram per 100 milliliter bloed. Dit is dus waarskynlik dat die derde een (appellant) minstens deur die wyn aangetas was. Deur

nie so te bevind nie, het die Hof a quo, na my mening,
fouteer.

Wat (c) betref het die appellant getuig dat hy
die oorledene gesteek het omdat die oorledene hom op 'n
gruwelike beledigende wyse gevloek het deur na sy moeder
te verwys. Gert het getuig dat hy dit nie gehoor het
nie maar dat dit kon gebeur het. (Hy, soos hierbo aan-
gedui, was in die kombuis en nie op die stoep nie.) Shaun
het verklaar dat toe die appellant die oorledene steek
het hy aan hom gesê "dit is lankal wat jy my vir 'n pop
(d w s 'n klein mannetjie) vat" en dat hy nie enige vloekery
gehoor het nie maar "dat dit so kan wees ... ek weet nie."
Derick het ook verklaar dat hy gehoor het dat die appellant

gesê het dat die oolene hom vir 'n pop vat maar dat hy niks vloekery gehoor het nie. Dit is natuurlik moontlik dat die beweerde vloekery 'n verdigsel aan die kant van die appellant is. Dit is egter onwaarskynlik in die lig van die feit dat die appellant, binne 'n uur of twee na die misdaad, aan landdros Van Houwelingen die rede vir die stekery as volg aangegee het:

"Die een vloek my toe uit en daai is die tyd toe steek ek die een wat my ma gevloek het."

Ten tyde van die oortreding was die appellant "tien of twaalf dae onder die ouderdom van twintig jaar."

Uit bostaande blyk dit dat die Hof a quo 'n mistasting

begaan het deur nie te bevind dat daar op oorwig van waarskynlikhede bewys gelewer is nie dat die appellant tot n mate deur drank aangetas was en dat die toediening van die noodlottige wond die gevolg van provokasie was. Dit staan derhalwe hierdie Hof vry om te oorweeg of daar wel versagtende omstandighede teenwoordig was by die pleeg van die misdaad en, indien wel, om sy mening vir dié van die Hof a quo te substitueer.

Die getuienis in sy geheel beskou - die skuldform synde slegs dolus eventualis, die mate van beïnvloeding deur sterk drank, die vloekery en die appellant se relatiewe jeug - maak die appellant se optrede minder laakbaar as wat dit andersins sou gewees het. So beskou is die uiterste

vonnis onvanpas en sou ek dit vervang met een van twaalf
jaar gevangenisstraf.

Die appèl teen skuldigbevinding word afgewys.

Die appèl teen vonnis slaag. Die doodvonniss word vervang
deur 'n vonnis van twaalf jaar gevangenisstraf.

APPELREGTER

TRENGOVE, AR)
SMALBERGER, Wn AR) stem saam